

# Brei vir jou liefling 'n gemaklike grys trui waarin hy lekker warm kan uitspan. Deur Riana van der Merwe

Die trui is eksklusief vir *Rooi Rose* ontwerp en gebrei deur Lucette Wegelin.  
Die patroon is vir ervare breiers  
Koste sowat R150

## MATE

Om borsmaat van 92(97; 102) cm te pas

### Ware grootte

Lengte tot halsrand van AP 65(70; 75) cm  
Mou lengte 54(56; 58) cm

## BENODIGHEDE

- Pingouin Camargue (50 g-bolle), 21 bolle Aran Tweed (kleur nr. 18)
- Paar elk breinaalde van 3,50 mm en 5,00 mm
- Kabelnaald
- 2 stekehouders

## SPANNING

24 ste en 24 rye = 10 x 10 cm oor kabelpatroon met 5 mm-Ne.

Die regte spanning is uiters belangrik; as daar minder steke in jou toetslappie is, moet dunner, en indien te veel, dikker breinaalde gebruik word.

## AFKORTINGS

alt – alternatiewe  
aw – brei aweregs  
beg – begin  
gl – glip  
herh – herhaal  
k – kabel  
kn – kabelnaald  
k8v – kabel 8 steke voor langs  
k8a – kabel 8 steke agter langs  
m1 – maak 1 st deur 2 keer in volgende steek te brei  
N(e) – naald(e)  
oorbl – oorblywende  
pat – patroon  
r – brei regs  
rif – riffelsteek, r2, aw2 deurgaans  
R(V)K – regte(verkeerde) kant van werk  
st(e) – steek(steke)  
vermeer – vermeerder  
vermin – verminder  
vlg – volgende  
weersk – weerskante  
V – verleng of verkort hier

## KABELPATROON

**Kabelpatroon**, oor 8 ste plus 2 rand-ste en 16 rye

**k8a, 1e ry:** r1, \*gl vlg 4 ste op kn en hou aan agterkant, r vlg 4 ste, r dan 4 ste op kn\*, r1.

**2e ry:** Deurgaans aw.

**3e ry:** Deurgaans r.

**4e, 5e, 6e, 7e en 8e ry:** Soos 2e en 3e ry 2 keer, dan 2e ry nogmaals.

**k8v, 9e ry:** r1, r4, \*plaas vlg 4 ste op kn, hou aan voorkant, r vlg 4 ste, r dan 4 ste op kn\*, r1.

**10e-16e ry:** Soos 2e-8e ry.

Dié 16 rye vorm die patroon.

## AGTERPANT

Gebruik 5,00 mm-Ne en stel 134(142; 148) ste op.

Slaan oor na 3,50 mm-Ne en brei 1 ry regs. Slaan oor na dubbelrif, **brei 1e ry:** r1, \*r2, aw2\* tot laaste st, aw1.

Brei 26 rye rif, eindig dus met 'n RK-ry.

**Vlg (vermeer-) ry:** Slaan oor na 5,00 mm-Ne en brei 1 ry aw aan VK, vermeer 4 ste, eweredig gespaseer, oor dié ry – 138(146; 154) ste.

Brei 1 ry r, 1 ry aw.

Met RK voor, slaan oor na kabel-pat en brei die 16-ry pat 20 keer, eindig met 'n pat-ry.

**Skouervorming, vlg ry:** Heg 45(49; 53) ste af, brei tot einde.

**Vlg ry:** Heg nogmaals 45(49; 53) ste af, plaas oorbl 48 ste op 'n stekehouders vir halsrand.

## VOORPANT

Soos agterpant tot 16 pat-herhalings voltooi is.

Brei nog 3 rye pat.

### Hals- en skouervorming

Brei 60(64; 68) ste pat, en plaas hulle op 'n stekehouders, heg vlg 18 ste af, brei pat tot einde.

### Linkerskouer

Brei 1 ry pat.

**Vlg ry (halsrand):** Heg 4 ste af, pat tot einde.

**Vlg ry:** Brei pat.

**Vlg ry:** Heg 3 ste af.

**Vlg ry:** Brei pat.

**Vlg 3 alt rye:** Heg 2 ste af, pat tot einde.

**1e grootte:** Vlg 6 rye, brei pat sonder vermin.

**2e en 3e grootte:** Vlg alt ry, heg 2 ste af.

**Slegs 2e grootte:** Brei 4 rye sonder vorming.

**Slegs 3e grootte:** Vlg alt ry, heg 1 st af, pat tot einde.

**Vlg ry:** Brei pat.

**Alle groottes:** Vlg ry: Heg af.

### Regterskouer

Soos linkerskouer, maar met omgekeerde vorming.

## MOUE (2)

Gebruik 5 mm-Ne en stel 50 ste op.

Slaan oor na 3,5 mm-Ne en brei 1 ry r.

Brei 26 rye rif soos uiteengesit, eindig met 'n RK-ry.

**Vlg ry:** Slaan oor na 5 mm-Ne en brei 1 ry aw, vermeer 16(24; 32) ste in dié ry – 66(74; 82) ste.

Brei 2 rye ks, slaan daarna oor na kabel-pat, maar vermeer terselfdertyd 1 st, elke 4e ry, aan weersk van ry. Die eerste kabel-pat-ry lees dus:

r1, m1 in vlg st, brei pat tot laaste 3 ste, m1, r laaste 2 ste.

Brei in pat met vermeer tot daar 120(128; 136) ste op N is, V. Neem vermeer-ste in pat op.

Brei nog 4 rye ks na laaste pat-ry en heg af, maar plaas 'n merker in middel van laaste (= afheg-) ry.

## AFWERKING

Werk regterskouernaam toe.

**Kraag:** Gebruik 3,5 mm-Ne en tel ste op stekehouders aan agterpant op, dan ste uit geronde halsrand van voorpant, sowat 122 ste altesaam.

Brei sowat 15 cm r2-, aw-2-rif, V.


Heg lossies af.

Werk 2e skouernaam en kraagnaam aaneen toe.

Plaas merkerdraad teenaan skouernaam en werk moukop vas. Werk sy- en mounate toe, sorg dat vlegselpatroon deurlopend is. Stoom trui liggies, sonder om vlegselpatroon plat te druk.

PATROON VERSORG DEUR SJOUKE JORDAAN; FOTO WILLEM DE LANGE, GENEEM BY SILVER LAKES STABLES, (012) 809-0026; MODEL MARK VAN THE MODEL WORKSHOP; AFRONDING DEIRDRE VAN PROFESSIONAL BOOKINGS; STILERING RIANA VAN DER MERWE; BROEK VAN JET; SKOENE VAN EARTHBOUND, (012) 663-1737

HANDWERK



in  
ontspanne  
luim